IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

4/55

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-05-25

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 225

(Bladsye 11 910 - 11 965)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 25 MEI 1987.

OUPA JOHN HLOMOKA, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. FICK : Al die beskuldigdes is teenwoordig. Ek het ook ħ aansoek ontvang vanaf die Gevangenisowerheid dat beskuldigde nr. 17 in die loop van die dag verskoon word om die distriksgeneesheer te gaan sien vir ħ ondersoek. Ek het nog nie ħ tyd nie, maar ek sal dit aan U Edele meedeel sodra die tyd bekend is.

HOF : Dit word toegestaan.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Ek wil met u behandel BEWYSSTUK AP11. Dit is in boek 2. Het u dit? -- Ja, ek het dit.

Hierdie besondere stuk het u self geskryf? -- Ja, dit is so.

Wanneer het u hierdie dokument opgestel? -- Ek het dit by die huis geskryf. Dit is voordat ek hierdie vergadering bygewoon het.

HOF : Watter vergadering? -- Dit was die herdenkingsdiens wat gehou sou word op 21 Maart wat betrekking het op Sharpeville.

Watter jaar? -- 1984.

MNR. FICK : Is dit u toespraak? -- Ja, dit is so. Dit was ħ toespraak gewees wat voorberei was, maar hier was ek nie ħ spreker gewees nie. In plaas daarvan was ek ħ voorsitter by hierdie herdenkingsdiens.

Het u hierdie toespraak gelewer in 1984 by die herdenkingsdiens van 21 Maart 1960? -- Alvorens ek daardie vraag antwoord sal ek vra dat ek die oorspronklike hiervan kan sien, want daar is sekere gedeeltes wat eintlik nie van toepassing is nie en wat nie gebruik was nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Ja, ek het ȟ probleem daar. Die oorspronklike is in besit van my griffier wat nog nie opgedaag het nie en hy het dit êrens toegesluit. Ek weet nie waar dit is nie. So, as u werklik ȟ probleem het kan ons die onderwerp hier laat en dan kan ons wag, maar of hy vandag gaan opdag weet ek nie. -- Eintlik het ek daardie oorspronklike een nodig gehad met die oog daarop om verwysings te maak na sekere gedeeltes van die oorspronklike wat ek na verwys het terwyl ek as ȟ voorsitter opgetree het daar. Dit beteken dus dat die hele dokument, die voorbereide toespraak nie aan die gehoor gelees was nie,maar na sekere gedeeltes verwys is.

Maar het u dan gemerk wat u na verwys het? -- Nee, dit was twee dokumente gewees wat ek voorberei het, maar een van hulle het ek nie in die vergadering gebruik nie. Daar is een wat ek saamgeneem het. Ek wou dit dus onder die Hof se aandag gebring het watter een ek gebruik het, sodat die Hof kan sien wat die verskil is tussen die twee, want ek word nou hier verwys na een dokument en die ander een is nie daar nie. Ek wil dus dat die Hof verstaan wat die verskil is, hoekom ek daardie ander dokument geneem het en hoekom nie die ander een nie.

Maar dit sal nie help dat ek die oorspronklike van die dokument vir u laat kom nie, want die oorspronklike gaan net lyk soos hierdie fotokopie wat ons voor ons het. Kyk hom maar ȟ bietjie deur. -- Ja, ek het die dokument gesien.

U het vir my gesê u het twee dokumente gehad en van een dokument het u net gedeeltes aan die vergadering gelees of sal ek sê behandel op die vergadering. Is dit korrek? -- Ja, dit is so. Ek sal op die oomblik nie in staat wees om vir die Hof te kan sê watter gedeelte het ek met die

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering behandel nie.

Kan u sê of dit hierdie dokument is waarvan u gedeeltes met die vergadering behandel het? -- Ja, dit is so.

Dit is hierdie dokument AP11?-- Ek het die dokument nagegaan. As ek reg is, die eerste blad van BEWYSSTUK AP11 is die gedeelte wat ek nie saamgeneem het nie.

En die ander? -- Die ander, as my geheue my nie in die steek laat nie, het die gedeelte gevorm van die hele dokument wat ek soontoe geneem het.

MNR. FICK : Om watter rede het u twee toesprake opgestel? -- Dit is nie twee toesprake nie. Die eerste bladsy wat ek na verwys hierso, het ek eers opgestel en toe ek dit nagaan, het ek toe besluit dit is 'n rowwe skets, maar ek gaan dit nie so gebruik nie. Dus het ek oorgestaan na die ander dokument.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Watter van hierdie twee bladsye van die res van die dokument kom eerste? Ekskuus, daar is drie bladsye. Watter een kom eerste. Daar is altesaam vier bladsye. Die eerste een sê u het u nie saamgeneem nie. Is u tevrede met die rangskikking van die ander drie?

HOF : Om verwarring te voorkom gaan ek nou die bladsye nommer. (Hof nommer bladsye vanaf (i) tot (v). -- Die volgorde is, eers bladsy (iv) sal my eerste bladsy wees, dan gevolg deur bladsy (v), dan daarna is dit bladsy (iii), na bladsy (iii) is bladsy (ii).

En bladsy (i) het tuis gebly? -- Ja, bladsy (i) het oorgebly in die "pad" waarin ek geskryf het. Ek het dit nie saamgeneem nie.

MNR. FICK : Ek wil dan vir u vra, u sê die eerste bladsy van u toespraak was bladsy (iv). Die laaste paragraaf praat u van "This new identity was seen in 1960 when 20,000 Black

people/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

people managed to hold their heads high in defiance, rather then willingly surrender theirselves to the White man." Wat wou u hiermee oordra aan die gehoor? -- Ek het hier verwys na die vreedsame protes teen die pas.

Ek wil aan u stel wat u hier met hierdie gedeelte onder andere aan die gehoor oordra het is dat dit nie net nodig is om - dat dit nodig is om aktief op te tree teen dinge wat hulle mee ontevrede is en dat 'n gevoel van minagting in orde is in hierdie stryd? Kan ek dit so stel; dit is blote passiwiteit is nie genoeg nie, maar hulle moet aktief wees in hulle besware teen dinge waarmee hulle ontevrede is? -- Ek het 'n toespraak gemaak en mense aangemoedig om te verenig. Toe ek die mense aangemoedig het in hierdie toespraak van my het ek verwys na hierdie optrede van 1960 waar mense verenig het. Dit was nie 'n kwessie van dat ek nou direk vir die mense daar gesê het hulle moet so aktief wees soos dit nou aan my gestel word nie.

En ek stel dit aan u ook in hierdie toespraak het u aan die gehoor voorgehou dat daar 'n vyand van die gehoor is en dat hulle teen hierdie vyand moet verenig? -- Ja, dit is so. Die vyand wat ek van gepraat het hierso is die "White racism". Ek weet nie of dit hier bevat word nie.

En ook die regering? -- Nee, ek praat nie van die regering nie. Ek praat van die manier van regering, naamlik die apartheid.

Ja, asook weens die kapitalistiese stelsel asook die gemeenskaplike vyand van die Swartmassas het u oorgedra aan die gehoor? -- As ek praat van die kapitalisme, praat ek van die Wit kapitalisme wat die Wit persone die magte gee om beheer uit te oefen in hierdie Wit kapitalisme se beleid.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En ek wil aan u stel dat op bladsy genommer (iii) die middelste paragraaf - ek sal dit eers lees "In terms of Black Consciousness approach we recognise the major forces in South Africa. This is racism coupled with capitalism which hold the people of Azania in bondage for the benefit of the White society." Ek wil aan u stel u het aan die gehoor oorgedra dat hulle onderdruk word deur die rasisme, kapitalisme, soos verteenwoordig deur die Blankeregering en dat hierdie Blankeregering dan hulle vyand is? -- Ek praat hier van kapitalisme wat gekoppel is aan rasisme. Ek praat nie van kapitalisme wat alleen staan nie.

Ek stel aan u met hierdie toespraak het u gepoog om die Swartgehoor op te sweep teen Blankes? -- Nee, ek betwis dit, want die Swartbewussyn sê nie dat die Swartmense met die Witmense sal baklei nie. Hier praat ons net en maak verwysings na die toestande van die land, wat die toestand is met betrekking tot die Witmense en wat die toestand is van die Swartmense in vergelyking met die toestande. Ons praat nie hier van vyandskap nie, maar ons praat hier van die feite.

Ek stel aan u deur in u toespraak te praat van rasisme, soos op bladsy (iii), op dieselfde bladsy te praat van dat slegs die Blankegemeenskap word bevoordeel, deur op dieselfde bladsy nog te praat van die "common enemy" en deur op dieselfde bladsy nog te sê dat die kapitaliste eers kyk "Before they - therefore, whatever they give, they first count the gain", deur op bladsy (iv) te praat van die 1969 "unarmed Blacks were brutally shot by White policemen" en deur die Wittes op bladsy (iv) nog steeds te beskryf aan die gehoor as die onderdrukkers en dan op bladsy (ii) te sê dat alleen

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die Swartes, die Swartwerkers die "historical force for liberation of the country" is en dat Blankes uitgesluit moet word, wou u uitdruklik aan hierdie gehoor oordra dat hulle vyand is die Blanke en die Blankeregering en u wou hulle gehaat maak by die Swartes? -- Soos ek alreeds vroeër gesê het hier praat ons van die toestand, hoe word die Swartes geaffekteer en hoe word hulle deur hierdie sisteem benadeel. As ek hier praat van die uitsluiting van die Blankes by die Swartorganisasies, beteken dit nie dat ek praat van die vyandskap nie. Ek praat van die organisasie as geheel wat gemik is op die Swartpersone alleen. In die sin dat in die eerste plek die Swartmense se probleme is nie dieselfde as die Witmense se probleme nie. Hierdie verskil is nie as gevolg van die vyandskap nie. Dit is daar as gevolg van die maniere waarop die goed gedoen word.

As u, soos u hier op bladsy (iv) sê dat die Blanke is die ondrukker van die Swartes en die Swartes is die arme onderdruktes, het u werklik nie gedink dat die gehoor gaan hierdie Blankes wat nou so uitgespel word as hulle onderdrukkers begin haat nie? -- Nee. Hier praat ek van die apartheidsbeleid, maar dat die Blankes of die Witmense onderdrukkers word. Dit is nie 'n kwessie van dat ek sê dat die Witmense onderdrukkers is nie. Ek sê die apartheid maak die Witmense die onderdrukkers.

U kan nou daardie verduideliking gee, maar ek stel aan u, dit is nie in u toespraak die verduideliking wat u aan die gehoor gegee het nie? -- Ek het vroeër hier vir die Hof gesê dat ek nie hierdie toespraak gelees het nie. Ek het wel verwysings gemaak daarna, maar al sou ek dit gelees het, verduidelik ek altyd wat in my toespraak bevat word, want ek

wil/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wil hê die mense moet presies verstaan wat beteken die Swartbewussyn. Met ander woorde, ek sal altyd verduidelik wat ŉ verklaring is in my toespraak.

HOF : Is u ŉ man wat toesprake hou in Engels? -- Nee, dit is net in die opstel van die goed dat ek Engels gebruik, maar die werklike toespraak maak ek nie in Engels nie.

Nou hoekom is dit? Hoekom skryf u nie notas in u eie taal as u die toespraak in daardie taal lewer nie? -- Die rede daarvoor, as ek in Zulu moet skryf, Zulutaal het lang woorde. Daar is baie dinge wat ŉ mens moet skryf om iets tuis te bring van wat jy wil sê. Byvoorbeeld, die eerste paragraaf as ek dit in Zulu moet opstel sal dit nie vir my snaaks wees as ek twee blaaie van hierdie grootte kan vat om dit alleen te kan verduidelik nie.

MNR. FICK : U het getuig dat daar in Juniemaand 1984 probleme was tussen AZAPO en COSAS? -- Ja, dit is so.

Was dit die datum wat die probleme ontstaan het tussen AZAPO en COSAS in die Vaal? -- Van lank af is daar nie goeie gesindheid tussen AZAPO en COSAS nie, dit wil sê nasionaal.

In die Vaal? -- Dieselfde geld in die Vaal, soos ek al vroeër gesê het dat by herdenkingsdienste wat hulle gehou het, het ons nie gegaan nie. In plaas daarvan dat ons soontoe gaan het ons ŉ plek gaan soek waar ons ŉ herdenkingsdiens kon hou.

Maar hierdie datum Junie 1984 dit is die eerste datum wat julle werklik probleme gekry het met COSAS en AZAPO in die Vaal? -- Nee.

Van wanneer af het julle probleme met COSAS in die Vaal? -- By die vorige herdenkingsdienste wat gehou was, was ek self nie teenwoordig nie, maar om vir die eerste keer

daarvan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daarvan bewus te word was om en by Meimaand 1984 by die begrafnis van ene Jabo waar ek genader was deur lede van COSAS om op die program gesit te word. Toe hulle my genader het, het ek gesê ek sal sien wat maak ek met hulle aangaande die versoek. Ek het dit later toe met die lede van my organisasie gaan bespreek wat toe dadelik besluit het en gesê het hulle wil niks hoor van COSAS nie. Hulle wil nie COSAS sien nie.

Wie van COSAS het u genader vir die begrafnis? -- Ek weet nie wat die twee persone se name is nie. Dit was die eerste keer wat ek hulle gesien het. Hulle was nie aan my bekend nie.

Maar hulle is tog seker aan u voorgestel? -- Ja, ek aanvaar dit. Al het hulle gesê wie hulle is, sê ek nou ek kan nie meer onthou wat hulle gesê het wie hulle was nie.

Was die alombekend sover u kennis - het u die ondervinding in die woongebiede in die Vaal dat daar 'n COSAS tak in die Vaal was? -- Ek was daarvan bewus dat COSAS in die Vaal bestaan het.

Wanneer het u die eerste keer bewus geword van COSAS in die Vaal? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar as my geheue my nie in die steek laat nie, was dit in 1981 gewees, want wat ek wel kan onthou is dat met die stigting van AZAPO in die Vaal was daar ook voorbereidings aan die gang gewees vir die stigting van COSAS.

En is ek reg as ek sê dat sedert wat u weet van die bestaan van COSAS 1981 het hulle gereeld elke jaar herdenkingsdienste, soos u dit noem, gehou? -- Ek sal nie met sekerheid sê nie. Ek aanvaar dat dit wel so is. Die rede hoekom ek so sê is omdat ek nie die herdenkingsdienste wat hulle daar

gehad/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gehad het bygewoon het nie. Dus sal ek nie met sekerheid kan sê of hulle elke jaar herdenkingsdienste gehou het nie.

HOF : Het hulle dieselfde reeks herdenkingsdienste as u of op ander datums? -- Praat ons van 16 Junie of in die algemeen?

Ek weet u het vir my vier datums gegee waarop u in 'n jaar herdenkingsdienste hou. -- Ja.

Het hulle dieselfde datums of net 'n paar daarvan of ander datums by? -- Ek het dit nog nie opgelet nie.

Sou hulle byvoorbeeld die verbod op die BC organisasies herdenk? -- Ek weet nie. Wat ek wel van weet is dat hulle glo nie aan die Black Consciousness nie.

MNR. FICK : Was die herdenkingsdiens in Maart 1984 die eerste een wat u bygewoon het? -- As ek reg is, praat u van die herdenkingsdiens in 1984?

Korrek? -- Ja-nee, dit is nie die eerste een nie.

U sê elke keer as AZAPO 'n herdenkingsdiens gehou het, het COSAS 'n ander een gehou en toe het u daarna ook vir my gesê u het nie almal bygewoon nie. Ek probeer nou die goed bymekaar uitbring. -- Nee, ek praat nou net van 16 Junie, alleenlik daardie datum.

Was COSAS behalwe die herdenkingsdienste aktief op ander terreine ook in die Vaal wat u van weet? --Nee, ek weet nie.

Wanneer het u die eerste keer gehoor van die huurverhogings wat in September 1984 in werking sou tree? -- Ek het eers in Augustusmaand daarvan gehoor toe ek die kennisgewing gekry het van die Dorpsbestuur.

Is dit Augustus 1984? -- Ja, dit is so.

Op daardie stadium, kan u vir die Hof 'n aanduiding

gee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gee hoeveel lede het AZAPO in die Vaal gehad? -- Plus-minus tweehonderd.

U het die kennisgewing gekry van die huurverhoging. Het u dit opgeneem met die komiteelede in AZAPO? -- Soos ek alreeds gesê het, nie in ŉ vergadering nie, maar ek het wel met van die lede gepraat.

Is dit nou bestuurslede wat u van praat? -- My antwoord is dat ek het met lede van die besturende komitee gepraat maar nie in die vergadering as ŉ komitee nie. Ek het net met die mense as mense gepraat wat aan my bekend was. Verder het ek met ander gewone lede gepraat.

U Edele, mag beskuldigde nr. 17 verskoon word? Sy afspraak is vir nou?

HOF : Seker.

MNR. FICK : Het u en die komiteelede met wie u gepraat het enige besluite geneem ten aansien van hierdie verhoging? -- Nee, soos ek sê, ek het met die mense gepraat, nie in ŉ vergadering nie en toe ek met hulle daar gepraat het, is dit nadat ek die koerantberig gelees het dat daar ŉ vergadering was te Sharpeville. Toe het ek hulle gesê "Kyk, ek gaan hierdie vergadering bywoon. Dit is die volgende een."

Maar hoekom het julle in AZAPO nie ŉ vergadering bygewoon en besluit of julle enigiets gaan doen in verband met hierdie huurverhogings nie? -- Dit is nie vir ons AZAPO as ŉ organisasie om stappe daarteen te neem nie. Dit is vir die gemeenskap om te besluit of hulle nou stappe gaan neem, maar omdat ons nou ook ŉ gedeelte van die gemeenskap vorm en ook lede is van AZAPO, sal ons ook deelneem, as lede van die gemeenskap en dan ook hulp verleen as lede van die organisasie AZAPO, maar die inisiatief moet van die gemeenskap af kom.

Die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Die ongeveer tweehonderd AZAPO lede in die Vaal, is ook mos lede van die gemeenskap? -- Dit is so.

En is AZAPO ŉ organisasie van die gemeenskap of vir die gemeenskap? -- Nee.

HOF : Hoeveel van hulle was in Sharpeville? -- Ek sal nie in ŉ getal kan sê hoeveel nie, maar ek sal sê dit was ŉ klompie. ŉ Klein klompie.

So tien of twaalf? -- Van wie ek geweet het is mnr. Thapeli en nog ŉ ander een wat al my medewerker was by my werksplek. Ek het net sy naam vergeet. Verder, die persone wat ek genoem het, hulle is die mense wat sal weet wie die ander lede was.

Nee, ek vind dit eienaardig dat u nie in Sebokeng waar klaarblyklik die meerderheid van u lede woonagtig is, aktief optree nie? -- Dit sou baie moeilik gewees het vir ons in die organisasie van AZAPO om ŉ vergadering bymekaar te roep met die gemeenskap. Die rede daarvoor is dat daar sekere mense is in die gemeenskap wat die organisasie van ons op ŉ ander manier sien, met die gevolg sou dit baie moeilik gewees het vir ons om ŉ vergadering te hou.

Maar ek begryp dit nie mooi nie, want u het tog ook in Junie 1984 ŉ herdenkingsdiens gehou. Dit was tog ŉ AZAPO vergadering? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Maar u het die afgelope paar dae gereeld die gedagte van "unity", eenheid hier in die hof oorgedra as die tema waarvan gepraat is op die AZAPO vergaderings? -- Ja, dit is so.

Stem u saam, hierdie huurverhoging was die ideale geleentheid vir AZAPO om te gebruik om die mense te verenig rondom om ŉ gemeenskaplike probleem? -- Ons wag nie vir ŉ geleentheid

om/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

om te gebruik vir die vereniging van die gemeenskap nie. Wat die huurgeld betref, dit is die verhoging, is AZAPO ʼn organisasie wat die mense aanmoedig om self op te tree en nie te wag vir ander mense om namens hulle eers te begin optree en dan moet hulle eers optree nie. Dit wil sê die aanmoediging aan die gemeenskap is dat die gemeenskap moet self optree. Dit is my kennis van AZAPO waarvan ek weet en die beginsels by die gebruik van dinge wat byvoorbeeld die gemeenskap raak, hoe die gemeenskap optree.

HOF : Maar wat het u gedoen om die gemeenskap te kry om op te tree ten aansien van die huur? -- Ek sê nie dat AZAPO die gemeenskap sal sê om op te tree nie. Wat ek sê is dat waar die gemeenskap bymekaar gekom het en vergader het oor ʼn sekere ding, is ons ook daar teenwoordig as lede van die gemeenskap en dan gee ons ʼn samewerking wat ons kan verleen aan die gemeenskap.

Is dit dan so dat u hierdie aangeleentheid oorgelaat het aan die VCA? -- Al was dit nie die bedoeling op hierdie geleentheid nie, was dit miskien dat VCA nie geaffilieer is aan UDF nie, dan sou ons saam gewerk het met die VCA. Dit wil sê met betrekking tot aangeleenthede wat die gemeenskap raak.

Basies, as ek die ding nou begryp is u filosofie dat die gemeenskap moet self optree? -- Ja.

Prakties gesproke dan, as AZAPO nie die inisiatief neem nie, was die enigste bestaande organisasie in Sebokeng die VCA? -- Ja, dit is so.

Dit hou dus noodwendig in dat AZAPO met die VCA sou saam werk? -- Nee, die probleem was hulle affiliasie aan UDF. Byvoorbeeld, ek het daarvan bewus geword dat daar vergaderings

gehou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gehou word van VCA. Ek het nie die vergaderings bygewoon nie. Ek het liewers verkies om Sharpeville toe te gaan.

MNR. FICK : Maar wat dan van AZAPO se doelstelling om saam met die gemeenskap te werk? Los julle die gemeenskap dan doodeenvoudig net uit, soos in die geval van Sebokeng? -- Wat ons geaffekteer het, was die verwantskap tussen ons en VCA. Dat hulle geaffilieeer was by UDF het verhoed dat ons kan saam werk.

HOF : Met ander woorde, sê u dan dat dit vir AZAPO onmoontlik was om enigsins deel te neem aan enige aksie teen die ver- hoogde huur in Sebokeng? -- Ja, dit is so. Soos ek alreeds gesê het, na ek bewus geword het dat VCA alreeds vergaderings gehad het, is dit so.

Maar nou, wat van u lede? Was u lede daarmee tevrede dat AZAPO niks doen nie, terwyl VCA alles doen in Sebokeng? -- Ek het nie so 'n verslag gekry of 'n verklaring gekry wat die persepsie van my lede was nie.

Het julle glad nie vergader oor die ding nie? -- Nee, ons het nie.

MNR. FICK : En in die ander gebiede, Boipatong, wat het daar gebeur ten opsigte van AZAPO en die huurverhoging? -- By al hierdie areas in die Vaal het ek nog nie te hore gekom dat daar 'n AZAPO ooit vergaderings gehou het aangaande die huur nie.

Maar het u as die voorsitter in die Vaal enige stappe gedoen om uit te vind wat sê u lede van AZAPO in Boipatong en Bophelong? -- Nee, ek het aanvaar dat hulle bewus is van die beleid van AZAPO.

HOF : Maar sou dit dan nie daarop uitloop dat AZAPO al sy lede sou verloor weens onaktiwiteit nie? -- Nee, dit is

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie so nie. Destyds al het ek 'n klagte gehad wat ek eintlik onder die aandag van die nasionale raad gebring het aangaande die plaaslike organisasies van die gemeenskap. Dit wil sê dat as dit geaffilieer is aan UDF, vind ons dit moeilik om saam met hierdie organisasie te werk. Indien nodig sou hierdie klagte van my verder gevoer word na die kongres toe om 'n oplossing daaromtrent te kan kry. Die rede daarvoor het ek gehad as die volgende. Een van die doelstellings van AZAPO is om die mense te verenig. Met die gevolg, wat ek in gedagte gehad het was dat ons moet alternatiewe organisasies hê. By hierdie wou ek geweet het wat AZAPO se houding is teenoor dit, as 'n mens so 'n voorstel het.

Bedoel u dan dat u 'n organisasie moet hê parallel met die "civic"? -- Ja, dit is wat ek in gedagte gehad het.

MNR. FICK : So 'n voorstel het nooit verder gekom as wat u aan hom gedink het nie. Is dit reg? -- Ja, dit is so, weens my arrestasie.

Maar stem u nie saam so 'n stap sou 'n verwering van die gemeenskap meegebring het in plaas van eenheid "unity" van die gemeenskap as u ook nou 'n gemeenskapsorganisasie wil stig nie? -- Ja, dit is so. Dit is juis die punt waarom ek hierdie by die raad wou gehad het dat hulle dit maar bespreek daar in die hoogste gesag, dat hulle kan sê hoe voel hulle oor hierdie soort van 'n voorstel.

U Edele, beskuldigde nr. 17 is terug.

HOF : Dit word genotuleer.

MNR. FICK : Maar AZAPO se beleid, soos u dit in hierdie hof probeer verduidelik skep mos 'n onmoontlike situasie vir sy lede. Die oomblik wat daar 'n ander, kom ons noem dit maar 'n opponerende organisasie in die gemeenskap is wat optree

soos/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

soos hulle sê namens die gemeenskap, dan doen AZAPO niks om sy lede te beskerm nie?

HOF : Hoe bedoel u om sy lede te beskerm nie?

MNR. FICK : Om namens die lede op te tree in byvoorbeeld huurverhogings? -- Ek sê ja, dit is so, maar hierdie organisasie UDF het nog nie lank bestaan teen hierdie tydstip nie. So, dit was ons eerste ondervinding wat ons teëgekom het van hierdie aard.

U sê u het met die indiwiduele lede gepraat na die huurhoging. U het ook met hulle gepraat na u die berig DA10 gelees het, dit is die koerant. Het u vir die lede van u komitee gesê wat u van plan is om te loop doen op hierdie vergadering wat u wil bywoon? -- Ek sê ek het aan hulle genoem dat ek in die koerantberig gelees het dat daar 'n vergadering gehou was in Sharpeville en ek het die gedagte en my gevoel is dat ek moet by daardie vergadering gaan.

HOF : Het u nie vir hulle gesê "Kom ons gaan almal by die vergadering" nie, "want ons voel nie tuis by wat hier aangaan in Sebokeng nie"?

MR BIZOS : There is no evidence that at that stage there was any activity in Sebokeng. The meeting was on the 12th and the report shortly thereafter.

HOF : Die vraag word teruggetrek.

MNR. FICK : Het u nie vir u komitee gesê "Maar kyk, dit is wat nou hier beplan word in Sharpeville, hulle gaan 'n vergadering hou, dit is sekere besluite wat al geneem is ten opsigte van die huishuur, kom ons organiseer ook 'n vergadering vir ons lede in een van die ander gebiede en dan hoor ons wat sê die gemeenskap"? -- Maar wat ek van hou het by hierdie koerantberig wat ek gelees het was dat Sharpeville se mense



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

'n komitee op hulle eie gestig het en ek het dit in gedagte gehad dat dit ook plaaslik gedoen moet word. Dit wil sê in Sebokeng, maar ek het dit nie aan die gemeenskap oorgedra nie.

Nee, maar die vraag is, het u nie vir u komiteelede gesê "Kom ons organiseer die gemeenskap in die ander gebiede, dat ons hoor wat is hulle gevoel oor die huurverhogings" nie? -- Ja, dit is so, maar dit het nie gebeur nie.

Maar toe u nou sien dit is 'n deel van die gemeenskap in Sharpeville wat sekere besluite geneem het en u sê AZAPO staan vir eenheid, eenheid vir die Swartman in die gemeenskap, waarom het u nie dit gedoen nie en gesê "Kom ons reël 'n vergadering in die ander gebiede en hoor wat sê die gemeenskap daar"? -- Dit is nie so nie. Ek het alreeds aan u verduidelik dat wat ons betref by dinge wat die gemeenskap raak, speel ons nie 'n leidende rol nie. Ons werk saam met die gemeenskap in die gemeenskap self.

Hoe sal u dan ooit die doelstellings van eenheid van die gemeenskap kan bereik as u nie iets daaraan doen nie en K719 u wag dat die gemeenskap self iets doen? -- Ja, kyk, die gemeenskap is nou hier besig om iets te organiseer en jy is nou tussen hulle as 'n lid van die gemeenskap en jy is besig met die aanmoediging om hulle daarvan bewus te maak dat as mense verenig en met die doel om iets te bereik dit gebeur dat mense daardie wat hulle in gedagte het bereik, as hulle verenig is. Dit wil sê jy werk tussen die gemeenskap self.

Het u vir die komiteelede met wie u gepraat het gesê wat u van plan is om te gaan voorstel by die volgende vergadering wat u gaan bywoon? -- Nee.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar hoekom nie? -- Dit was die eerste keer dat ek hierdie vergadering bywoon. Ek het nie geweet presies watter tipe vergadering is dit wat daar gehou word nie. Dit sou verkeerd gewees het vir my om aan die lede te sê wat ek gaan sê by hierdie vergadering, terwyl ek nie presies op hoogte is van die tipe vergadering nie.

Was daar enige rede waarom u nie die ander lede gevra het van die komitee om saam te gaan na die vergadering toe nie? -- Daar was nie 'n rede gewees dat ek hulle moet versoek om saam met my te gaan nie.

Het AZAPO in die Vaal sover u kennis betref op enige stadium ooit die raadslede genader of probeer nader in verband met hierdie verhoogde huishuur? -- Nee.

Was u die hele Augustusmaand in die woongebiede van die Vaal? -- Dit is so.

Het u na enige van die vergaderings van die raadslede gegaan waar hulle verduidelik het oor die huurverhoging? -- Nee. Het ek daarvan bewus geword dat daar so 'n vergadering was, sou ek die vergaderings bygewoon het.

Het u enige pogings aangewend van u kant self om na die raadslede te gaan en 'n verduideliking te kry oor die huurverhogings? -- Ek het nie die raadslede of die raad genader om te verneem wat die rede was vir die verhoging van die huur nie en ek kan ook nie onthou of dit vervat was in hierdie kennisgewing wat ek gekry het of nie.

Het u voor die huurverhogings oor enige aspek, u of AZAPO, ooit die raadslede genader in verband met probleme van die gemeenskap?-- Nee, maar wat ek wel onthou is dat mnr. Mofokeng wou hulp kom verleen het tydens die begrafnis van Jabo Shabalala.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Het hy? -- Nee, hy wou.

Hoekom het hy nie? -- Omdat ons alreeds daarin geslaag het om alles te doen wat benodig was.

Het julle hom die koue skouer gegee? -- Nee, nie dit nie, maar op die stadium wat hy sy hulp wou gegee het, was daar niks meer wat ons nodig gehad het om oor hulp te vra nie.

Wie was u raadslid, u eie raadslid? -- Mnr. Matjila.

In watter gebied was hy? -- Hy het in Residensia gewoon.

En u is in Gebied 3? -- Ja, ek is in Gebied 3, maar sy wyk sluit die gedeelte van Gebied 3 in waar ek woon.

MNR. FICK : Net duidelikheidshalwe, u of AZAPO het nooit enige enige maandelikse raadsvergaderings gaan bywoon van die Gemeenskapsraad nie? -- Nee.

Hoe het u of AZAPO gedink kan julle saam met die gemeenskap werk as julle, hulle organisasie, nie weet wat die rede is vir die verhoging nie, nie gaan praat het met die raadslede om te hoor wat die probleme is nie, of dit geregverdig was nie? Hoe het u gedink gaan u saam met die gemeenskap werk? -- Ja, maar dit is die rede hoekom ek na hierdie vergadering toe gegaan het. Dit was met die oog daarop om kennis te maak met al dit waarvan u nou praat.

Maar die vergadering is mos nie 'n raadsvergadering nie? Daar was geen raadslid nie? -- Ek weet nie of daar nie 'n lid was van die raad by hierdie vergadering nie, maar die vergadering wat ek bygewoon het was die gemeenskap se vergadering wat gehou was.

Maar nou is die vraag, ek sal hom net nog een keer vra, hoe het u nou gedink gaan u saam met die gemeenskap werk as u net die gemeenskap se kant van die saak hoor en u doen geen moeite om te hoor wat is die raadslede se kant van die

saak/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

saak nie? -- Ek was nie ŉ verteenwoordiger van die gemeenskap by die raad nie en tweedens, die raad werk saam met die gemeenskap. Dus dit is vir die raad om samesprekings uit te voer met die gemeenskap en as die raad nou gekommunikeer het met die gemeenskap en die gemeenskap besluit om ŉ vergadering te hou en ek gaan nou die vergadering van die gemeenskap bywoon, beteken dit die gemeenskap het die nodige inligting van wat gebeur het.

Ek sal oorgaan met u na ŉ ander aspek. U het besluit om na die vergadering te gaan op 19 Augustus en u het eers na beskuldigde nr. 3 se huis toe gegaan? -- Dit is so.

Is ek reg as ek sê u het vir die Hof gesê die doel van u gaan na hierdie vergadering was om te gaan deelneem aan die besprekings, u wou praat op die vergadering? -- Nie dat ek daar wou gaan praat het nie. Ek was by die vergadering gewees met die oog daarop dat ek tussen die gemeenskap kan wees en saam met die gemeenskap optree en hulp verleen waar dit vir my moontlik is om sodanige hulp te verleen.

Ontken u dat u gesê het u doel om na die vergadering te gaan was gewees om deel te neem aan die besprekings daar? -- Dit is presies wat ek sê, dat ek ŉ gedeelte vorm van hierdie vergadering en ŉ kontribusie maak waar dit moontlik is op hierdie vergadering tesame met die gemeenskap.

Daar by die huis van beskuldigde nr. 3 sê u was daar mense en u is voorgestel aan hierdie persone wat daar was? -- Nee, ek het die mense geken daar. Ons het mekaar gegroet soos aangedui. Terselfdertyd het ek myself aan hulle voorgestel wie ek is en dieselfde het gebeur met die persoon wat ek gegroet het, dat die persoon ook vir my gesê het wie hy of sy is.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Nee, maar wag, ek begryp nie u antwoord nie. U is gevra of u voorgestel is aan die mense en toe sê u nee, u het die mense geken? -- Daarby het ek bedoel dat ons mekaar voorgestel met die groet.

MNR. FICK : Het u almal daar geken of nie? -- Ja, dit is so. Die mense wat in die sitkamer was, wat daar gesit het, het ek geken in die sin dat ons mekaar voorgestel het.

HOF : Nee, maar u moet asseblief nou nie draaie loop nie. Dit is nie ȟ baie moeilike vraag nie. As u daar in die sitkamer inkom, dan ken jy die mense of jy ken nie die mense nie. -- Ek het dan nie die vraag goed gevolg nie. Toe ek daar gekom het, het ek niemand geken behalwe beskuldigde nr. 3 asook beskuldigde nr.16 wie se voorkoms aan my bekend was as gevolg daarvan dat ek sy gesig op die koerantberigte gesien het.

MNR. FICK : U het van BEWYSSTUK DA10 wat u voorheen gelees het geweet dat beskuldigde nr. 3 is die waarnemende voorsitter van ȟ sekere komitee wat hierdie vergadering sou belê? -- Ja, dit is so.

Waarom het u nie vir beskuldigde nr. 3 op daardie stadium al gesê "Maar kyk, ek wil deelneem aan die bespreking. Sal jy my ȟ geleentheid gee om te praat jou vergadering" nie? -- Ek het dit nie gesê nie. Die rede daarvoor was, soos ek alreeds gesê het, ek het nie geweet watter soort van ȟ vergadering dit was nie. Dit was die eerste keer dat ek hierdie vergadering bygewoon het. Al wat ek van geweet het is die berig in die koerant.

Maar dit is juis my probleem. Hoe kan u sê u het nie geweet wat se soort vergadering dit is nie? U weet dit gaan oor die huurkwessie en besluite wat die mense geneem

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het en stappe wat hulle wil doen ten opsigte van die huurverhoging. Hoe kan u sê u weet nie wat se vergadering was dit nie? -- Ja, dit is so dat dit vervat was in die koerant, maar die posisie is, hier gaan ek nou na ꞌn vergadering toe, die vergadering het alreeds ꞌn komitee wat gekies was en ek weet nie presies wat die prosedure is wat daar gevolg word nie. Dit sou dus vir my moeilik gewees het om sommer daar ꞌn toespraak te gaan maak.

Maar as u antwoord reg is, is dit dan nie juis nog meer rede hoekom u vir beskuldigde nr. 3 by sy huis moes gevra het maar wat gaan hier aan, kan ek praat op so ꞌn vergadering, sal ek toegelaat word? -- Om dit van hom te vra was vir my baie moeilik gewees, want met my aankoms daar het hy daar gesit saam met mense wat nie aan my bekend was nie en ek het dus nie geweet wat die doel was dat hy saam met die mense gesit het nie.

Ek stel dit aan u u vertel nie die waarheid vir die Hof nie, want toe ek die eerste keer vir u die vraag gevra het, hoekom het u nie toe gesê "Hy het met mense gestaan en praat, ek het nie tyd gekry nie"? -- Ek antwoord die vraag op die manier wat die vraag gevra is.

Wie van u almal is daar weg na die kerk toe sê u? -- Ekself, beskuldigde nr. 3, nr. 16, Lazarus More wat beskuldigde nr. 4 was, Nozipa Myeza en Peter Hlube.

Net duidelikheidshalwe, hierdie Nozipa Myeza, is sy enige familie van die persoon met die naam van Muntu Myeza? -- Nee, ek weet nie.

HOF : Is sy ꞌn jong of ꞌn ou dame? -- Sy is nog jonk.

Hoe oud? -- Jonger as 25 is my skatting.

MNR. FICK : U sê hierdie persone is op pad na die kerk.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is julle besig om te praat toe julle gestap het? -- Ja, ek onthou dat ons gepraat het van die polisievoertuie wat ons daar gesien het.

Voor ons daarby kom, toe julle uit die huis uit gaan en julle stap na hierdie kerk toe, was julle besig om onder mekaar te gesels? -- Ek vermoed so. Ek kan nie presies onthou wat gebeur het terwyl ons daar gestap het en waaroor ons gepraat het nie.

Is dit reg dat die woning van beskuldigde nr.3 is nie reg langs die kerk nie, maar dit is aan die ander kant van die straat skuins oorkant die kerk? -- Ja, dit is so.

Ek wil net aan u ŉ foto toon. Dit sal CA14 wees. Sal u saamstem as u na die foto kyk dat hierdie is ŉ lugfoto en dan in die middelste blok omtrent in die middel van die foto is daar twee groot geboue. Die een groot gebou het ŉ soort van ŉ toring, die ander een nie? -- Ja, dit is so.

Die een met die toring in die middelste blok, is dit beskuldigde nr. 3 se kerk? -- Volgens wat ek hier kan sien is beskuldigde nr. 3 se kerk die een met die rooierige dak.

HOF : Nee, hier is verskillende dakke wat ŉ mens rooi kan noem afhangend van hoe jy rooi beskou. Maak ŉ kolletjie daarop en dan wys u vir my. -- (Getuie dui aan)

Dit is die regterkantste een met die vierkantige toring. Ek plaas op hom nr. 1.

MNR. FICK : En as u na die foto kyk dan nie in dieselfde blok waar die kerk is nie, maar bokant aan die regterkant is daar ŉ huis en daar hang wasgoed langs die huis? -- Ja, dit is so.

Is dit beskuldigde nr. 3 se huis? -- Ja, dit is so.

HOF : Ek plaas op daardie huis se dak ŉ nr. 2. Kyk net



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

na my foto, of ek dit reg gemerk het. Dit word CA14. -- Ja, dit is reg.

MNR. FICK : In hierdie middelste blok waar u nou aangedui het waar beskuldigde nr. 3 se kerk is, langs hom is daar nog ŉ groot gebou, ŉ rooi dak. Watter gebou is dit? Weet u? -- Nee, ek weet nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

OUPA JOHN HLOMOKA, nog onder eed

MNR. FICK : U Edele, die Staat vra dat die verhoor sonder beskuldigde nr. 17 voortgaan. Hy is terug na die distriksgeneesheer.

HOF : Seker.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mnr. Hlomoka, die ingang na hierdie kerk van beskuldigde nr. 3 is waar die groot groen bome staan langs die pad. Is dit reg? -- Nee.

Weet u waar is die polisiestasie op hierdie foto, watter pad langs? Laat ek vir u so vra, is hy in dieselfde pad as die pad wat tussen beskuldigde nr. 3 en sy kerk deur loop? -- Ja, as jy ŉ bietjie vorentoe gaan.

Met ander woorde, as ŉ mens na die foto kyk en ŉ mens ry met die pad, dan kry jy eers die kerk van beskuldigde nr. 3, dan die huis van beskuldigde nr. 3 en dan as jy aangaan met die pad êrens heen, dan kry jy die polisiestasie. Is dit wat jy sê? -- As u na die foto kyk is daar ŉ wit struktuur heel bo.

In die middel van die foto? -- Op die foto self, ja. Net anderkant daardie wit struktuur is waar die polisiestasie geleë is.

HOF : Is dit reg in die middel heel bo net anderkant daardie

oop/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

oop stuk grond? -- Ja, dit is die wit struktuur waarna ek verwys.

MNR. FICK : Toe u en die res van u groep wat u nou al vir die Hof gesê het wie dit is, by die huis van beskuldigde nr. 3 uitkom op pad na die kerk toe, was die pad besig, was daar baie mense in voertuie op die pad? -- Die pad was nie besig gewees nie. Wat ek wel kan sê is dat daar voertuie geparkeer was net langs die omheining van die kerkgebou se perseel. Dit wil sê voertuie wat aan mense behoort wat na die vergadering toe was.

U sê u stap toe nou aan na die kerk toe en wat gebeur? -- Net buite die werf, dit wil sê buite die ingang van die perseel, toe ons daar was, het ons die polisievoertuie gewaar.

Waar was die polisievoertuie wat u gewaar het? -- Die voertuie het vanaf die rigting van die kerk in daardie straat gery. Hulle was besig om regs te draai. Dit wil sê die hoek te draai by beskuldigde nr. 3 se huis na regs.

Praat u van die hoek die naaste aan beskuldigde nr. 3 se huis of die een verste van sy huis af? -- Dit is die hoek die naaste aan beskuldigde nr. 3 se huis regs.

Was hulle op pad na die polisiestasie toe? -- Nee, hulle het nie in die rigting van die polisiestasie gery nie. Hulle het in daardie straat gedraai wat regs draai daar.

En het u hulle weer gesien? -- Nee.

Het enigiemand iets te sê gehad oor die voertuie? -- Ja, Nozipa Myeza het iets te sê gehad oor die voertuie.

Wat het sy gesê? -- Wat sy gesê het is "Hier is die polisie, hulle is weer hier."

HOF : Het hulle nou gekom vanaf die rigting van die kerk en dan regs gedraai of het hulle gekom van die rigting van

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die polisiestasie en dan na regs op die foto beweeg, met ander woorde self links gedraai? --Van die kerk se rigting af op met daardie straat van onder af en toe regs gedraai by beskuldigde nr. 3 se huis.

MNR. FICK : Nozipo sê nou "Hier is die polisie weer." Is dit reg? -- Sy sê "Hier is die polisie. Hulle is al hier."

Was dit nie vir u vreemd dat sy so iets sê terwyl die voertuig ry weg van die kerk af nie? -- Nee, want die voertuie het stadig beweeg en dit was duidelik gewees dat die mense na ons kyk.

Die polisie het nie by u gestop nie? -- Nee, hulle het baie stadig beweeg.

Wie het na u gekyk? -- Ek sou nie gesien het wie na ons gekyk het nie, want die vensters is ŉ bietjie donker. Dit is "tinted" en as gevolg daarvan was ek nie in staat gewees om binne-in die voertuig te sien wat daar gebeur nie, maar die manier waarop hulle stadig beweeg het, was dit duidelik genoeg gewees dat hulle na ons kyk en dit het ook aan ons kant van die straat, dit wil sê die kant waar ons beweeg het van die straat verbygery.

Wat het u gesê toe Nozipa hierdie opmerking maak? -- Ek kan nie onthou of daar enigiets gesê was nie. Al wat ek onthou is dat ons na hulle gekyk het.

Het beskuldigde nr. 16 niks te sê gehad oor vorige ondervinding wat hy met die polisie gehad het nie? -- Nee, ek onthou nie dat hy iets gesê het nie.

U het ŉ ruk na die vergadering gelees in die koerante ten opsigte van BEWYSSTUKKE AAQ6 en 7? U het die berigte gelees? -- Dit is so, ja.

Was dit vir u duidelik dat almal wat daar geloop het,

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het hierdie opmerking van Nozipo Myeza gehoor van die polisie wat hier is? -- Dit is so, want kyk, ons het saamgestap.

U kom toe nou by die kerk se perseel. Het u van die mense geken wat daar rondgestaan het? -- Nee. Die bekende persoon was by die hek gewees. Ek het net my hand opgelig om hom te groet en die persoon het ook teruggegroet deur dieselfde te doen. Ek is toe verby.

Is dit een van die lede van AZAPO wat u daar gekry het? -- Nee, dit was my oom wat in Sharpeville bly.

Toe u nou daar by die perseel instap en hier is 'n klomp mense op die perseel, het beskuldigde nr. 3 en van die ander persone in u groep die mense gegroet en gepraat met hulle? -- Ek kan nie onthou nie.

Het julle lank buite gewag? -- Nee.

Het u gesien wie die kerk oopmaak? -- Die kerk is deur beskuldigde nr. 3 oopgemaak.

Het u nog buite gebly na die deur oopgemaak is?-- Nee, wat ek onthou is dat toe beskuldigde nr. 3 oopgemaak het, was daar nog ander mense gewees wat voor ons was. Dit wil sê by die deur. Hulle is die mense wat eers die kerk binnegegaan het. Ons het agterna gevolg.

Toe beskuldigde nr. 3 die kerk oopgemaak het, is hy direk eerste? -- Dit is hoe ek onthou, ja.

Het u gesien wie het die vensters van die kerk oopgemaak? -- Nee, ek het nie gesien nie.

Het u gesien wie die voorbereidings in die kerk tref, of daar voorbereidings getref is, stoele en tafels en goed reg geskuif is? -- Nee, die stoele bly in dieselfde posisie staan. Ons het net sitplekke geneem. Niks was gedoen daar nie in voorbereiding.

Die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Die kerk het ŉ platform. Is dit reg? -- Ja, maar dit is nie hoog nie.

Hoeveel tafels was daar op die platform gewees vir die mense? -- Ek onthou van een klein tafeltjie.

Op die stadium toe u in die kerk in is, was die saal al betreklik vol? -- Nee, want ons was amper die eerste persone om toegang te kry tot die kerkgebou.

Waar het u gaan sit? -- Ek het tussen die gehoor gesit ŉ bietjie na vorentoe.

Weet u wanneer Nozipa Myeza in die saal of in die kerk ingegaan het? -- Wat ek onthou is dat ons saam ingegaan het.

Waar het sy gaan sit? -- Sy het daar voor by die verhoog gesit.

HOF : Op die verhoog? -- Ja, op die verhoog was daar stoele gewees. Sy het sitplek ingeneem op een van die stoele.

MNR. FICK : Het u na die verhoog gesit en kyk toe u ingegaan het?-- Of ek nou altyd in daardie rigting gekyk het , kan ek nie sê nie. Ek het wel opgemerk dat hulle daar gaan sit het.

Wie van u groep wat van die huis af weg is het almal op die verhoog gaan sit? -- Ek onthou van beskuldigde nr. 3, nr. 16, Peter Hlubi en Nozipo. In die loop van die tyd het ek opgemerk dat die gewese beskuldigde nr. 4 ook sitplek daar ingeneem het.

Was dit voor die begin van die vergadering of was die vergadering al aan die gang toe beskuldigde nr. 4 opgedaag het? -- Ek kan nie onthou op watter stadium dit was nie.

Beskuldigde nr. 17 is terug, U Edele.

HOF : Dit word genotuleer.

MNR. FICK : Laas wat ons nog gehad het, is u en onder andere beskuldigde nr. 4 saam uit die huis uit na die kerk toe.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat het nou gemaak dat hy op 'n later stadium opgedaag het by die kerk? -- Ek het gesê terwyl ons nog so aangestap het in die rigting van die kerk, alvorens ons by die kerk gekom het, het hy teruggedraai en in die rigting van beskuldigde nr. 3 se huis gehardloop.

Het hy vir u gesê hoekom gaan hy nou terug? -- Nee, hy het nie.

Het hy vir die ander gesê hoekom gaan hy terug? -- Nee, ek weet nie, maar ek het nie gehoor nie.

Wanneer het u die eerste keer die dag gehoor wie die voorsitter gaan wees van hierdie vergadering? -- Terwyl ek in die vergadering was, het ek gesien wie die voorsitter was. Dit was op die eerste stadium wat ek bewus geword het van wie die voorsitter is in die vergadering.

Het niemand gevra toe beskuldigde nr. 4 nou daar weghardloop maar waar gaan die man nou heen nie? -- Nee, ek onthou nie dat iemand dit gevra het nie.

U het in die kerk ingegaan en waarmee het u uself besig gehou tot die vergadering begin het? -- Nee, ek was nie met iets besig nie. Ek het net gesit.

Het u gesit en praat met persone langs u? -- Ja, ek onthou dat daar wel mense is wat daar opgedaag het saam met wie ek gesels het.

En u het met hulle gesels voor die vergadering begin het? -- Ja, dit is so, maar ek kan net nie onthou waaroor ons gesels het nie.

Is dit so dat op die hele vergadering was daar maar 'n gedruis soos wat almal met mekaar gepraat het voor die vergadering begin het? -- Dit kan wees, maar wat ek wel melding van kan maak is dat dit nie lank geneem het na ons die

kerkgebou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kerkgebou binnegegaan het dat hierdie vergadering in aanvang geneem het nie.

Verstaan ek u reg dat vandat u in die kerk ingekom het, het u u plek ingeneem, u het met die persone om u gesit en praat, dit is al wat u gedoen het totdat die vergadering in aanvang geneem het? -- Nee, ek sê nie dit is al wat ek gedoen het nie. Daar was iets anders wat ek gedoen het, naamlik die volgende. Toe ek opgemerk het dat sersant Koaho ŉ sitplek daar agter inneem het ek ŉ nota gemaak wat ek deurgestuur het na beskuldigde nr. 3 toe.

Wat het u op die nota geskryf? -- Ek kan nie die direkte woorde onthou wat ek gebruik het op die nota self nie, maar wat ek wel kan sê is, die boodskap in daardie briefie was om hom te laat weet dat daar ŉ polisieman teenwoordig is van die veiligheidstak.

Hoekom was dit nou nodig? -- Dit het net self gekom. Dit het my bygeval dat ek dit doen as gevolg van die feit dat ek vroeër die polisie gesien het wat daar verby is. Dit is die polisie waarna ek vroeër verwys het.

U het vir die Hof gesê almal wat daar geloop het en dit is nou die klomp wat daar op die verhoog gestaan het, onder andere beskuldigde nr. 3 ook, het gehoor toe Nozipo sê die polisie is al hier. Waarom was dit nodig vir u om te sê die mense is in die vergadering? -- Ek sê dit het self sommer outomaties gekom. Ek het nie ŉ spesiale rede gehad nie, maar selfs as ŉ persoon is ek nie daaraan gewoond om die polisie van die veiligheidstak te sien teenwoordig by ŉ vergadering nie.

Was dit vir u belangrik dat die persone op die verhoog onder andere nr. 3 en die voorsitter moet weet die

veiligheidspolisie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

veiligheidspolisie is daar? -- ja, ek het hulle daarvan laat weet, want, soos ek alreeds gesê het ek het in die koerante gelees dat die polisie die vergaderings opneem.

Het u verwag dat beskuldigde nr. 3 of enige van die ander persone op die vergadering iets onwettig gaan sê of doen? -- Nee.

En u kan geen ander rede gee waarom u by wyse van ŉ nota hulle op die verhoog gewaarsku het, behalwe om te sê u weet nie hoekom u dit gedoen het nie?

<u>MR BIZOS</u> : Is there evidence that it was intended as a warning or information?

<u>COURT</u> : Is there much of a distinction?

<u>MR BIZOS</u> : Well, if it is admitted then the people warning has the sinister connotation which has been denied by the witness.

<u>HOF</u> : Formuleer die vraag maar ŉ bietjie anders.

<u>MNR. FICK</u> : Het u enige ander rede waarom die persone op die verhoog laat weet moes word die veiligheidspolisie is hier, behalwe om te sê dat u het nie ŉ rede nie, u weet nie hoekom het u dit gedoen nie? -- Ek sê ek het hulle laat weet dat die polisie al daar was en volgens my kennis van die berigte wat ek in die koerante gelees het, dat die polisie opnames maak van die vergaderings.

Was dit bedoel as ŉ waarskuwing vir die mense op die verhoog dat hulle moet oppas wat hulle sê? -- Nee.

Nou stel ek dit aan u, u het nooit so ŉ nota opgestuur na die verhoog toe nie? -- Ek sê ek het.

Ek stel dit aan u hierdie hele weergawe omtrent die polisie wat daar in die vergadering was en dat die mense op die verhoog sou gewaarsku het is ŉ valse relaas. U het

na/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

na die tyd in die koerante gesien in ŉ berig in AAQ6 en 7 dat daar word beweer daar is polisie en toe het u met hierdie vals weergawe vorendag gekom dat u die mense sou gewaarsku het op die verhoog dat die polisie teenwoordig is? -- Ek stem nie saam met u stelling nie, want hierdie berigte of die koerante waarna u verwys sê nie die polisie was binne-in die kerkgebou nie.

Beskuldigde nr. 3, nr. 16 en Hlubi sê u het saam op die verhoog gesit, blykbaar langs mekaar. Is dit reg? -- Nee.

Die persone wat op die verhoog gesit het is nou beskuldigde nr. 3, nr. 16 en die persoon wat u noem Hlubi. Het hulle in ŉ ry gesit op die verhoog? -- Nee, hulle het nie in ŉ ry gesit nie. Die enigste mense wat langs mekaar gesit het, was beskuldigde nr. 3 en Hlubi. Die res van die mense daar het sitplekke ingeneem op die ander stoele wat ook op die verhoog was.

Hierdie nota wat u van praat wat u geskryf het, vir wie het u hom gegee? -- Ek het die brief na beskuldigde nr. 3 toe geneem.

Waar het u die papier gekry waarop u die nota geskryf het? -- In my besit het ek gehad die volgende, ŉ dagboek, ŉ klein notaboek en ander dokumente wat ek gebruik vir die assuransie oor die naweke. Dus het ek ŉ stukkie papier geskeur om die nota te maak.

Wat maak u met die notas wat u vir assuransiedoeleindes gebruik op ŉ vergadering soos hierdie? -- Voor ek hierdie vergadering bygewoon het, het ek gewerk.

Toe u nou met hierdie nota opgaan na beskuldigde nr. 3 toe, het hy daar gesit op die verhoog of wat was hy besig om te doen? -- Ja, hy het gesit.

Wie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wie was aan die woord op daardie stadium? -- Dit is voor die vergadering ŉ aanvang geneem het.

Waarom het u ŉ nota geskryf terwyl u in elk geval loop? Hoekom het u nie sommer vir beskuldigde nr. 3 gaan sê wat aan die gang is en klaar gekry nie? -- Ek het gevoel dat ek dit aan hom moet oorhandig want ek wou nie daar lank gewees het om in te meng of hulle program te belemmer nie.

Ag nee, man, asseblief, daar was nie ŉ program nie, die vergadering was nog nie aan die gang nie? -- Ja, dit is so, maar toe ek na hom toe gekyk het, toe ek daaraan gedink het om die nota vir hom te skryf, was hy besig om met Peter Hlubi te praat.

Toe u by beskuldigde nr. 3 kom, u sê hy sit daar, hy doen niks, hoekom sê u nie wat daar aan die gang is nie? Hoekom gee u vir hom die nota? -- Dit is omdat ek besef het dat hy besig is om met Peter Hlubi te praat toe ek die nota geskryf het. Dus met my aankoms daar by hulle het ek toe besluit om net die nota by hom te laat en weg te kom en dit is wat ek gedoen het.

Maar hy praat mos nie? Hy sit en niks doen nie? -- Ja, ek het nie geweet dat ek gaan vind dat hy niks doen as ek daar by hom kom nie. Ek het die nota in my hand gehad.

Net die laaste keer, toe u nou daar kom en u sien hy doen niks, hier is u nou by hom en hy doen niks, hoekom sê u nie vir hom nie? -- Ek het al die nota gemaak. Ek het al besluit om die nota aan hom te gaan gee. Dit is die rede hoekom ek nie gepraat het nie en sommer die nota aan hom gegee het.

In sy hand? -- Dit is so, ja.

Hoe ver het beskuldigde nr. 16 gesit van beskuldigde

nr.3/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nr. 3 af daar op die verhoog? -- Ek kan nie meer onthou hoe ver nie, maar soos ek nou hier staan het hy, wat beskuldigde nr. 16 is, na sy linkerkant toe gesit. Verskoon my, wat ek daarby bedoel is, soos ek daar gesit het en gekyk het na die verhoog toe, het hy meer links gesit. Dit wil sê hy was aan beskuldigde nr. 3 se regterkant.

Was daar mense tussen hulle, beskuldigde nr. 3 en beskuldigde nr. 16? -- Nee, laat ons mekaar nou mooi verstaan. Peter Hlubi en beskuldigde nr. 3 sit by die tafel. Daar is ŉ ry stoele agter hulle, onmiddellik agter hulle. Beskuldigde nr. 16 het op een van daardie stoele gesit meer regs van beskuldigde nr. 3.

U gee toe die nota vir beskuldigde nr. 3 en wat gebeur met die nota? -- Terwyl ek nog daar sit en kyk het ek gesien dat hy, beskuldigde nr. 3, die nota wat ek aan hom gegee het aan beskuldigde nr. 16 oorhandig.

En beskuldigde nr. 16, wat maak hy met die nota? -- Die laaste wat ek van weet is toe dit aan hom gegee word. Wat hy toe met die nota gedoen het, het ek nie gesien nie.

Ek stel dit aan u u het in u hoofgetuienis die indruk oorgedra dat hierdie nota wat u geskryf het is nie direk gegee vir beskuldigde nr. 3 nie, dit is gestuur na beskuldigde nr. 3 toe? -- Nee, dit is nie die indruk wat ek wou gegee het aan die Hof nie. Wat ek daarby bedoel het, was ek het ŉ nota gemaak wat deurgegaan het na hom toe. Nie dat ek iemand anders gestuur het, dit wil sê deur middel van iemand te stuur om die nota by hom te kry nie.

U sien, ek stel aan u in Volume 219 op bladsy 11 624 op ŉ vraag van My Geleerde Vriend "Did you keep this special knowledge to Sergeant Koaho to yourself or not?" het u

geantwoord/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geantwoord "No, I made a note which I sent to Reverend Moselane". -- Dit is wat ek verduidelik wat ek daarby bedoel het deur dit te stuur.

Maar hoekom het u nie vir die Hof gesê "Maar kyk, ek het opgestaan en die ding gaan gee vir beskuldigde nr. 3" nie? Hoekom het u die woord gebruik "sent"? -- Daarby het ek bedoel dat ek ŉ nota gemaak het en die nota wat ek gemaak het het by beskuldigde nr. 3 uitgekom.

Maar net laastens oor hierdie aspek, hoekom het u nie vir die Hof gesê "Ek het ŉ nota gemaak en ek het dit gaan gee vir beskuldigde nr. 3" nie? -- Wat ek wou oorgedra het was dat ek ŉ nota gemaak het en die nota het by beskuldigde nr. 3 uitgekom.

Nadat u aanvanklik vir Koaho in die saal gesien het en u die nota gemaak het, het u hom weer dopgehou later? -- Nee, ek het nie.

U het nie die vaagste benul wat van hom verder geword het in die vergadering nie? -- Nee.

Maar u het nou die ondervinding of die kennis wat u in die koerante gelees het dat die polisie maak aantekeninge van wat gebeur op vergaderings, u het dit nog nooit self beleef nie, hier sien u sit Koaho, u gaan rapporteer dit aan beskuldigde nr. 3, om watter rede het u nie verder belang gestel om
K720 te kyk wat maak hy nie? -- Hierdie vergadering was nie deur my organisasie belê nie en dit was nie my eie vergadering gewees nie. Dus was dit nie my verantwoordelikheid om toe te sien wat Koaho daar gedoen het nie.

U sê u het nog nooit die ondervinding self gehad om te sien hoe maak hulle opnames nie. U lees dit in die koerante. U doen die moeite om op die vergadering wat u

sê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sê u niks mee uit te waai het nie, wel vir die voorsitter te gaan sê hier is veiligheidspolisie en u het nou hierdie kennis, om watter rede het u nie verder gekyk wat maak hulle nie? -- Soos ek alreeds gesê het, daar was ander dinge wat vir my interessant was op hierdie stadium. Wat eintlik gebeur het is, ek het opgemerk dat die meerderheid van die mense wat by die saal ingekom het was ouer mense. Dit het my verbaas, want ek is nie daaraan gewoond nie.

U het vir die Hof gesê daar was ŉ banier op hierdie vergadering gewees? -- Ja, dit is so.

Waar was hierdie banier? -- Meer na die linkerkant toe soos ŉ mens nou daar gesit het heel voor langs die preekstoel.

HOF : Teen die muur? -- Nee, teen die preekstoel, ŉ gedeelte van die preekstoel aan die voorkant van die preekstoel.

MNR. FICK : Was dit ŉ tuisgemaakte banier, ŉ gedrukte banier of was dit ŉ banier dalk soos ons al vantevore gesien het hierso dat dit ŉ ander organisasie se banier is waar dit net doodgekrap word en dan word daar ŉ nuwe bewoording ingesit? -- Dit het vir my voorgekom soos ŉ banier wat sommer gewoonweg met die hand geskryf is. Daar was niks wat verwyder was om ŉ aanduiding te gee dat dit vantevore gebruik was nie.

Het hierdie banier enigsins enige organisasie se naam bevat? -- Nee, ek het nie opgelet toe die banier daar was toe ek ingekom het nie. Selfs terwyl ek daar was het ek nie daarvan bewus geword nie. Op ŉ latere stadium het ek net gesien daar is nou ŉ banier. Op watter stadium die banier opgesit was, het ek nie gesien nie.

Op watter stadium het u die banier gesien? -- Ek kan nie meer onthou wat die vergadering besig was om te doen

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie. Dit het alreeds in aanvang geneem, maar wat nou besig was daar, kan ek nie sê nie.

Was dit terwyl u nog in die gehoor was en voor u gepraat het wat u die banier gesien het of eers daarna? -- Ek het die hele tyd tussen die gehoor gesit. Dit is voor ek 'n toespraak gelewer het. Dit wil sê toe ek die banier sien.

U het ook aan die Hof gemeld dat daar verslaggewers van koerante was op die vergadering? -- Dit is so.

Wanneer het u hulle die eerste keer op die vergadering gesien? -- Ek kan ook nie onthou op watter stadium ek hulle vir die eerste keer gesien het nie, maar die laaste keer wat ek hulle gesien het,was hulle maar daar voor waar hulle gesit het.

Het hulle voor u nog gesit tussen die gehoor of op die verhoog? -- Hulle het aan my kant gesit aan die gehoor se kant.

Was dit tussen die gehoor wat hulle gesit het in die saal? -- Nee, ek sê hulle het heel voor gesit.

HOF : Op die voorste ry? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Was daar nog mense van die gehoor ook in die voorste ry? -- Ja, dit is so.

Was daar van die publiek op die verhoog, op die platform ook? -- Ja, dit is so.

Waar het u vir Koaho gesien toe u hom opmerk by die vergadering? -- Ek onthou dat ek hom gesien het meer na die agterkant toe van die kerkgebou.

Op watter stadium het u hom opgemerk? Daar waar hy gesit het of wanneer? -- Ek het hom daar opgemerk die eerste en die laaste keer en dit was maar by dieselfde plek wat ek sê meer na die agterkant toe van die kerkgebou.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar toe u hom gesien het, het hy gesit tussen die gehoor? -- Ja, hy het alreeds gesit.

Was die saal al vol gewees op daardie stadium? -- Nee.

Wat het gemaak dat u hom nou opmerk daar agter in die saal? -- Ek het vroeër aan u gesê dat my aandag getrek was deurdat die meeste van die mense wat die vergadering bygewoon het ouerige mense was. Ek het dus gekyk in daardie rigting. Toe het ek hom daar gewaar.

Nou wil ek met u oorgaan na die toesprake toe. Wie het eerste gepraat? -- Beskuldigde nr. 16. Dit wil sê as die gebed nou buite rekening gelaat word en die openingsopmerkings deur die voorsitter, dan was hy die eerste spreker gewees.

Wie het hom voorgestel? -- Dit was deur Peter Hlubi voorgestel, maar die einde daarvan, dit wil sê verder aan was hy deur beskuldigde nr. 3 volledig voorgestel.

Waaroor het beskuldigde nr. 16 gepraat met die gehoor? -- Hy het oor die verkiesing gepraat en melding gemaak van die regte en gepraat van die "charitable organisations" en toe verder gepraat daarvan dat mense "faith" moet hê.

Wat het hy oor die kwessie van stemreg te sê gehad? -- Wat hy gesê het oor dit was dat by ŉ belangrike plek, dit wil sê in ŉ normale situasie, is die stemreg belangrik in die sin dat dit voordeel vir die mense moet bring. Hy het toe melding daarvan gemaak dat mense vir wie daar gestem word maak sekere beloftes en toe verder gesê dat sulke persone sal aan die bejaardes moet dink en toe ŉ voorbeeld gemaak van wat hy op TV gesien het.

Dit is die geval van dr. Lapa Munnik waarvan u gepraat het? -- Ja.

Wat het hy nog verder te sê gehad oor hierdie kwessie

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die verkiesing? -- Ek sê dit is dinge waarvan hy melding gemaak het om dit duidelik te maak hoe belangrik dit is vir 'n stemreg. Hy het toe verder gesê dat as 'n persoon nou gaan stem vir die raadslede of vir die dorpsraad, is dit nie 'n stemreg wat eintlik eg is nie.

Het hy verduidelik wat bedoel hy met eg? -- Ja, hy het gesê dit is nie 'n stemreg wat eintlik die magte het nie, want hulle self het nie die mag nie.

Verstaan ek u reg, hy het gesê die raadslede is mense sonder mag? -- Dit is hoe ek hom verstaan het.

Is daar nog iets wat hy oor die verkiesig te sê gehad het? -- Aangaande die "vote" is dit wat ek onthou wat hy gesê het.

Wat het hy te sê gehad oor regte, "rights"? -- Dit is waar hy nou praat van die beloftes.

Wat het hy gesê? -- Hy het gesê as die mense 'n persoon verkies het op wat die persoon gesê het en beloftes, as hy nie daaraan voldoen nie, het die persone wat die persoon gekies het die reg om hom nou weer uit die verkiesing te kry.

<u>HOF</u> : Wat beteken dit? -- Wat ek verstaan het is dat hulle het die reg om te sê dat hulle nie die persoon meer wil hê nie, dan sal hulle maar die reg hê om 'n ander een te kies.

<u>MNR. FICK</u> : Maar het beskuldigde nr. 16 dit gesê of is dit wat u dink hy bedoel het? -- Wat ek onthou hy gesê het is dat die mense het die reg om nog 'n ander persoon te verkies as hierdie een wat hulle vroeër verkies het nie hulle tevrede stel nie.

Het beskuldigde nr. 16 vir die gehoor gesê "As julle nie tevrede is met julle raadslede nie, dan stel ek voor

julle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

julle kies nou vir julle ander" nie? -- Dit is wat ek onthou hy gesê het in sy toespraak, maar ek kan nie onthou dat hy direk gesê het dat as julle nie tevrede is met julle raadslede nie, kan julle ander mense kies nie, maar dit is wat ek verstaan het sê hy in sy boodskap in sy toespraak dat die mense ŉ ander kan kies om hierdie een te vervang.

Ek stel aan u daardie stukkie getuienis van u is vals. Ek stel aan u beskuldigde nr. 16 behoort aan ŉ organisasie wat nie raadslede erken nie, hulle noem hulle "puppets"? Hy sou nooit na julle toe gekom het in die Vaal waar julle moeilikheid het met hierdie raadslede wat hulle "puppets" en vir julle sê "Kies ander" nie? -- Dit is nie wat hy gesê het nie. Wat hy gesê het was dat die raadslede in sy opsomming van sy hele toespraak het nie die magte nie.

HOF : Nee, maar nou weet ek nie wat u sê nie. Het hy gesê "Kies ander" of het hy nie gesê "Kies ander" nie? -- Ek kan ongelukkig nie onthou wat die volgorde van sy toespraak was nie, maar wat ek wel kan onthou in sy toespraak was dat as jy nie tevrede is met ŉ persoon wat jy gekies het nie, het jy die reg om ŉ ander een te kies om die een te vervang wat jou nie tevrede stel nie.

Gesê met verwysing na raadslede of na iemand anders? -- Ek sal sê met verwysing na die raadslede.

So, by u is die indruk gelaat dat hy sê "Kies ander raadslede?" -- Nee, eers na die opsomming van sy hele toespraak het hy die indruk by my gelaat dat al kan jy ŉ ander raadslid kies, sal dit nie help nie, want hulle het nie die magte nie.

Dus die resultaat is "Moenie ŉ ander raadslid kies nie"? --Dit is hoe ek dit verstaan het.

MNR. FICK : Het beskuldigde nr. 16 vir die gehoor gesê hoe

moet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

moet hulle ontslae raak van die raadslede wat hulle nie mee tevrede is nie? -- Nee, hy het nie daarvan gepraat nie. Wat hy wel gesê het was dat die gemeenskap moenie dinge ignoreer nie en toe het hy daarna melding gemaak van dinge wat eintlik van die sy af gekom het waar hy gesê het hulle moet gebruik maak van die "charitable organisations" en hy het ook gepraat van die gebruikmaking van "bursaries".

Het beskuldigde nr. 16 verduidelik watter ding hulle nie moet ignoreer nie waarvan u praat? -- Ek het hom verstaan dat dit beteken die mense moenie "ignorant" bly nie, dat hulle na die dinge kyk wat verkeerd loop en sê "Wat sal ons maak?"

Het hy voorbeelde genoem van die dinge wat kan verkeerd loop? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar ek het hom verstaan dat hy dit sê in die konteks van die verhoogde huur.

Die voorbeelde wat u tot dusver vir my gesê het wat beskuldigde nr. 16 van gepraat het, het ek niks gesien oor verhoogde huur nie. Daar is verkiesing en regte en liefdadigheidsorganisasies en dié tipe van ding. Wat het beskuldigde nr. 16 gesê oor verhoogde huur, indien enigiets? -- Wat ek onthou hy gesê het was dat as die gemeenskap verenig het, dan slaag hulle daarin dat verhoogde huur geskors word.

Maar ŉ blote vereniging gaan mos nie help nie. Het hy nie verduidelik hoe moet hulle verenig en wat doen dan nie? --Ek onthou nie dat hy dit gemeld het wat die gemeenskap moet doen om dit te bereik nie. Wat ek wel aan u verduidelik is die volgende, dat beskuldigde nr. 16 ŉ lang toespraak gemaak het. Ek kan nie alles onthou wat in die toespraak bevat was nie. Ek onthou net hierdie gedeelte wat ek aan

u/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

u gemeld het wat uit sy toespraak gekom het.

Maar wat vir my vreemd is, die vergadering gaan oor die huishuur maar dit is die deel wat die man gesê het wat u nie kan onthou nie? -- Nee, maar ek het verduidelik dat wat hy gesê het is die volgende. As die gemeenskap verenig het dan is daar ŉ positiewe uitslag dat die huurgeld geskors word.

U is nou een van die gemeenskap het u by die Hof probeer tuisbring. Het u toe nie met vraetyd opgestaan en gesê "Wil iemand asseblief vir my sê hoe moet ons verenig en hoe moet ons die huurgeld geskors kry as ons verenig is" nie? -- Ek verstaan dit so. Ek hoop dit is duidelik. Hier praat die persoon van ŉ vereniging. Dit bring hy by by die kwessie van die verhoogde huur. Met ander woorde, dit is duidelik dat die persoon sê iets sal gedoen word na ons verenig het om die uitslag van skorsing uit te bring.

HOF : Het u verstaan onder verenig? Kyk, julle is mos nou almal daar bymekaar in die kerk. Is dit verenig? -- Ek het die volgende verstaan met vereniging, dat ons moet verenig en saam werk met betrekking tot die probleem wat ons het om die goeie uitslae daarvan te kry.

Ja, maar nou weet ek nog nie mooi wat dit bedoel om te verenig nie. Bedoel dit dat ons bymekaar kom op een plek, beteken dit ons gaan nie die huur betaal nie, beteken dit ons gaan ŉ optog hou? Wat beteken verenig of beteken dit ons sluit by ŉ organisasie aan? -- Ek verstaan dat ons moet verenig met ŉ sekere doel en in hierdie geval was die doel om ŉ oplossing te kry vir hierdie verhoogde huur.

Ja, maar nou het ek nog nie ŉ antwoord nie, want nou het u vergader en almal sê ons moet verenig. ŉ Tydjie later vergader u weer en u sê ons moet verenig. -- Ja. Ons is

bymekaar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bymekaar hier by die vergadering, maar ons het nog nie verenig nie. Die vereniging wat hier van gepraat word is dat ons moet saam werk om die doel te bereik wat ons oor verenig het om beter resultate te kry van dit wat veroorsaak het dat ons moet verenig, dat ons almal daar voor gewerk het.

Het u nie bedoel met "unite", want dit is die woord wat tog gebruik is, dat u teen iets verenig nie? -- Dit is so, ja.

En die iets is wat? -- Dit is die verhoogde huur.

As jy dan teen die verhoogde huur verenig, beteken dit jy gaan nie daarmee saam nie? -- Dit is so.

Beteken dit dan ook jy gaan dit nie betaal nie? -- Nee, die mense het ŉ grief en die grief is die huurgeld en die mense moet nou verenig om ŉ oplossing te kry hoe om te werk te gaan met hierdie grief wat hulle het.

Klaarblyklik hoe om dit nie te betaal nie? Hoe anders is daar ŉ oplossing in julle oë? -- Nee, by hierdie vergadering, die besluit wat geneem was, was dat die huur nie betaal gaan word nie.

En ons moet almal "unite" en saamstaan en dit nie betaal nie? -- Dit is so.

Maar is al hierdie oproepe om te "unite" dan nie oproepe van mense wat sê staan saam en betaal nie die huur nie? -- Al het ek dit nie oorspronklik so verstaan nie, dit kan wees dat dit die betekenis het, maar wat ek verstaan het oorspronklik was dat daar sekere mense is wat in staat sal wees om die huur te betaal en daar is wat nie in staat sal wees nie. Met die gevolg dat ons dan bymekaar moet kom en verenig omdat daar mense is wat nie in staat sal wees om hierdie huur te betaal nie.

Dié wat kan betaal moet verenig met dié wat nie kan

betaal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

betaal nie, sodat almal nie betaal nie? Is dit wat u bedoel of is dit alles verkeerd? -- Ja, dit is so.

MR BIZOS : The evidence so far has been, I am sure Your Lordship intended it that way that the decision was that the increased rent should not be paid.

HOF : Wat ek aan u gestel het is net die verhoging, nie die totale huur nie? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Die doel van die vereniging is dan om die mense wat nie 'n grief het nie, by te voeg by dié wat 'n grief het ten opsigte van huishuur? -- Toe beskuldigde nr. 16 hierdie toespraak gemaak het, is dit na die resolusies van die vorige vergadering reeds gelees is by hierdie vergadering en by daardie vergadering was daar reeds 'n resolusie geneem dat die verhoogde gedeelte van die huurgelde nie betaal gaan word nie.

En die doel van beskuldigde nr. 16 se verdere oproep by hierdie vergadering na hierdie resolusie gelees is, was om die mense wat ook van plan was om die huur te betaal en bevoeg was om die huur te betaal en in staat was om te betaal sover te kry om te "unite" dat hulle ook nie moet betaal nie? -- Ek weet nie of dit sy bedoeling was nie, maar by hierdie vergadering was daar niemand gewees wat in hierdie vergadering gesê het dat hy of sy in staat is om die huurgeld te betaal nie.

U sê beskuldigde nr. 16 het gepraat oor beloftes wat ook gemaak word? -- Ja, dit is so.

Het hy spesifiek gepraat van die beloftes wat raadslede gemaak het? -- Toe hy gepraat het van die beloftes, het hy daarvan gepraat in die algemeen en dit breed gestel, maar ek neem aan die doel daarvan was om dit tuis te bring dat

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit betrekking het op die raadslede. Hoekom ek so sê, die beloftes wat hy van gepraat het, het hy melding gemaak van die kandidate en toe later gesê dat as daar mense is wat gekies is en die kiesers is nie tevrede met die persone wat alreeds gekies is nie, dan moet hulle vervang word met ander. Dit wil sê ander mense moet gekies word in hierdie se plek.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Maar u sê dat die vervangende mense word weer gekies as raadslede. Dit is nie heeltemal ander mense nie? -- Oorspronklik het ek verstaan dat hy gepraat het van vervanging in die raad self. Dit wil sê die raadslede moet vervang word. Dit is alvorens hy die opsomming gemaak het van die hele toespraak waar hy op die ou end gesê het dat die raadslede of die raad self het nie die mag nie.

Maar het hy nog steeds voortgegaan met die tema dat die mense nou vir hulle mense moet kies om hulle te verteenwoordig? -- Ek het eers verstaan in die begin van sy toespraak dat hy daarvan praat dat daar mense vervang moet word in die Raad, maar toe hy nou op die ou einde gekom het met die opsomming van sy toespraak sê hy al kan julle kies, die raad het nie die mag nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K721 OUPA JOHN HLOMOKA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Kan ek net by u vasstel, BEWYSSTUK AP27 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : AP27 is uit ons boek uit.

MNR. FICK : Die dokument wat ek nou aan u toon, sien u dit? -- Ja, ek onthou dat dit aan my getoon was. Ek weet nie van hierdie dokument nie.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was dit nie by u gevind nie? -- Nee.

Ek sal dit daar laat. Die kwessie van die raadslede en die verkiesing en wat beskuldigde nr. 16 gesê het, nie wat u verstaan nie, wat het beskuldigde nr. 16 in sy toespraak gesê oor die kwessie van of die raadslede, as die mense nie tevrede is nie of hulle ander raadslede moet kies? Wat het beskuldigde nr. 16 presies gesê? -- Ek onthou dat hy gesê het as die mense nie tevrede is met die persone wat gekies is nie, dan het sulke mense die reg om ander mense te kies.

En was hy besig om oor die raadslede te praat op daardie stadium? -- Dit is hoe ek hom verstaan het.

Voor hy dit gesê het wat u nou vir die Hof gesê het, wat het hy nog gesê in hierdie verband? -- Hy het gesê die raad het nie die mag nie.

BN hy dit gesê het, hoe het dit gekom dat hy uitgekom het by die stelling dat as die mense nie tevrede is nie kan hule ander kies? -- In die begin van sy toespraak voor hy by die einde van die toespraak gekom het, het hy hiervan melding gemaak.

Ek verstaan u glad nie. Het hy gewys op enige verband tussen die feit dat hy sê die raad het nie mag nie en die feit dat die mense moet, as hulle nie tevrede is met die raad nie, ander mense kies? -- Al wat ek onthou is dat hy melding gemaak het van die kandidate en die beloftes en dan het hy gepraat van die gemeenskap en die magte wat hulle het.

U het gesê hy het van die raadslede gepraat. Wat het hy van die raadslede gepraat? -- Wat ek sê is dat hy het melding gemaak daarvan dat as mense ander mense gekies het as verteenwoordigers en die persone wat deelgeneem het aan die

verkiesing/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verkiesing is nie tevrede met die persone wat gekies was nie, dan moet hulle ander mense kies.

Het hy gesê ander mense of ander raadslede? -- Nee, wat ek onthou, dit was sommer in breë trekke gestel. Dit was breed genoeg. Ek plaas dit op die raadslede, op die raad. Andersins het hy dit net in die algemeen gestel. Dit is hoe ek dit onthou.

So, beskuldigde nr. 16 het nie uitdruklik gesê dat as julle ontevrede is met die raadslede moet julle vir julle ander raadslede kies nie? -- Ek sê ek kan nie onthou dat hy spesifiek so gesê het nie. Wat ek wel kan onthou is dat hy dit wys gestel het in die algemeen.

HOF : Weet u iets van beskuldigde nr. 16 se agtergrond? Is hy 'n Swartbewussynsgeoriënteerde persoon? -- Nee, ek weet nie of hy een van die persone is wat die Swartbewussynsbeleid aanvaar nie. Wat ek wel weet is dat hy is een van die mense wat die Committee of Ten gestig het.

Wat was die Committee of Ten se standpunt ten aansien van deelname aan verkiesings vir raadslede? -- Die Committee of Ten het nie akkoord gegaan met die stelsel van die Gemeenskapsraad nie.

MNR. FICK : Uit u eie kennis uit, het u geweet op daardie stadium daar is net een raad waarvoor Swartmense in die stede kan voor stem en dit is Gemeenskapsrade. Daar is nie ander rade vir hulle gestel nie? -- Dit is so.

Met hierdie kennis en die feit dat u weet dat beskuldigde nr. 16 se agtergrond is sodanig dat die komitee waar hy vandaan kom erken die raadslede, wat het u gedink wat sê hy nou hier vir die vergadering? -- In die begin van sy toespraak dwarsdeur was ek self verbaas gewees tot en met die

statium/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

stadium waar hy nou die opsomming gemaak het van sy toespraak waar hy die woorde gebesig het dat die raad het nie die mag nie.

Stem u saam met die kennis wat u het is dit 'n onmoontlike situasie wat hy probeer oordra aan die groepe. Aan die een kant erken hulle nie die raadstelsel nie. Aan die ander kant sê hy vir die mense "Julle moet vir julle ander raadslede kies". Hoe het u dit verstaan? Het dit vir u sin gemaak? -- Met die begin van sy toespraak het ek dit begryp dat die persoon besig is om eintlik agtergrond te lê vir wat hy later wil sê. Ek het nie verstaan dat hy nou mense verwar nie. Ek het verstaan dat die persoon gaan na 'n sekere punt, maar hy wil nou die agtergrond lê vir die punt wat hy wil maak. Dus het ek nie verstaan as 'n ding wat mense verwar het nie. Wat ek daarby bedoel het is dat toe hy nou die opsomming maak by die sluiting van sy toespraak het dit vir my duidelik geword dat hy besig was met 'n agtergrond vir hierdie punt wat hy mee afsluit.

Maar het u nie tydens die vergadering gevra hy moet verduidelik hoekom sê hy aan die een kant as die mense nie tevrede is nie moet hulle ander kies en aan die ander kant sluit hy sy toespraak af en sê die mense het geen mag wat julle in elk geval kies nie. Hoekom het u nie vir hom gevra hy moet verduidelik aan die vergadering wat hy bedoel nie?

HOF : Nou moet u eers vir die getuie vra of dit aan die einde van die dag vir hom duidelik of onduidelik was. U kan nie eenvoudig aanvaar dat dit vir die getuie onduidelik was toe hy met die hele toespraak klaar is nie. Hy het vir die Hof vyf keer gesê "Aan die begin was ek verbaas, maar later met die opsomming het die dinge vir my duidelik geword."

Nou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nou kan u vir hom vra wat vir hom duidelik was, maar moet hom nie vra op die basis van wat vir hom onduidelik was nie.

MNR. FICK : Na die opsomming wat was vir u duidelik was beskuldigde nr. 16 se boodskap met betrekking tot die raadslede? -- Wat ek verstaan het, is al kan daar ander gekies word, dit sal nie help nie, want hulle het nie die mag nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : U het so 'n paar vrae gelede op die geleerde advokaat se vraag geantwoord dat beskuldigde nr. 16 ook gepraat het oor die magte wat die gemeenskap het. Kan u onthou wat hy daaroor gesê het? -- Dit is toe hy gepraat het van die kandidate wat beloftes maak terwyl hulle nog besig was met die werwing van mense om hulle te kies en wat hy daarby gesê het is dat as die gemeenskap nie tevrede is met diegene wat gekies is as gevolg van die beloftes wat hy gemaak het nie, dan het die gemeenskap die mag om ander mense te kies.

MNR. FICK : Het u op die vergadering 'n verduideliking gevra van beskuldigde nr. 16 maar watter sin sal dit hê om ander mense te kies want hulle het ook nie magte nie?

HOF : Hy het dan juis gesê dat beskuldigde nr. 16 gesê het daar is geen sin om ander mense te kies nie, want hulle het nie magte nie. Hoekom moet hy 'n verduideliking vra?

MNR. FICK : U het ook gesê dat beskuldigde nr. 16 het gepraat van beloftes wat gemaak is deur die raadslede. Het hy uitgebrei op wat se beloftes die raadslede gemaak het?

MR BIZOS : Did the witness say that or did he speak - I do not want to put anything in the witness's mouth but it is clear that it was a general remark that people make promises and if they do not keep their promises, you have the power to remove them in general terms.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

COURT : It was specifically the candidates. It is referred to as candidates.

MR BIZOS : Yes, candidates, but if I understood the witness correctly he speaks of two things and then the context in which the common cause facts were given that no. 16 spoke generally and then in relation to the council specifically at the end. I submit that if we were to read those portions which are common cause, it becomes clear in my submission.

HOF : Kan ek net weer die vraag kry? Wat is die vraag?

MNR. FICK : U het ook gepraat van beloftes waarvan beskuldigde nr. 16 gepraat het wat gemaak was deur raadslede wat nie nagekom is nie.

MNR. BIZOS : Kandidate.

MNR. FICK : Ek kan dit miskien verander na kandidate.

MR BIZOS : Then I have no objection. -- Dit is so, ja.

MNR. FICK : Het beskuldigde nr. 16 uitgebrei oor die beloftes wat gemaak was? -- Nee, hy het nie net van die raad of raadslede gepraat in daardie sin nie. Hy het gepraat van mense wat gaan staan as kandidate om gekies te word maak beloftes sodat hulle gekies kan word. Met die gevolg, hy het nie spesifiek gesê wat gesê was deur wie nie.

Verstaan ek u reg, daar is nie uitgebrei oor watter beloftes gemaak was nie? -- Ek kan nie onthou dat hy spesifiek gesê het wat se beloftes gemaak was nie.

HOF : Beteken dit dat u sê daar was nie spesifiek gesê nie of beteken dit net dit is moontlik maar u kan nie onthou nie? -- Ek sê ek onthou nie dat hy dit gesê het spesifiek nie. Dit kan wees dat hy nie gesê het nie.

MNR. FICK : As beskuldigde nr. 16 sou gepraat het van die kandidate wat beloftes sou gemaak het dat die huur nie

verhoog/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verhoog gaan word nie, sou u dit onthou het? -- Dit is hoe ek dit verstaan het, maar ek kan sê dat ek sou dit onthou het.

HOF : Nee, maar wat het u verstaan? Het u verstaan hy praat van kandidate wat beloftes gemaak het dat huur nie verhoog sou word nie of dat net iets in die algemeen gesê is maar dat dit nie gesê is nie? -- Soos ek al vroeër gesê het, dit het eers vir my duidelik geword toe hy sy toespraak gesluit het waar hy die opsomming gemaak het dat hy eintlik van die huur praat en tweedens dat die vergadering oor die huur gaan. Dus het ek dit aanvaar dat waar hy nou praat van die beloftes het dit betrekking op die kandidate en die huur.

MNR. FICK : Verstaan ek u reg, beskuldigde nr. 16 het nie direk gesê "kyk, teen verkiesingtyd het die kandidate belowe die huur sal nie opgaan nie en kyk wat het nou gebeur. Die huur het opgegaan en die beloftes is gebreek" of maak u 'n afleiding dat hy dit bedoel het? -- Ek kan my nie voorstel dat hy so gesê het nie, maar dit is wat ek verstaan het van sy toespraak. Dit is die boodskap wat ek verstaan het.

Net laastens hieroor, as hy dit direk gesê het sou u dit onthou het? -- Ek dink so, ja.

Ek wil aan u stel in Volume 25 op bladsy 1 200 en 1 201 is dit direk gestel dat bskuldigde nr. 16 sou direk vir die gehoor gesê het "Promises were made at election time by the councillors that the rents would not be increased ..." "You remember him say that although they had made this promise before the elections, they had now increased the rents. Do you remember him saying that?" Het u enige kommentaar? -- Ek getuig hier oor wat ek kan onthou. By die vergadering

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was daar ander mense ook gewees wat dalk beter kan onthou as wat ek kan onthou, maar dit wat ek vertel is die verhaal soos ek dit kan onthou.

Nog steeds oor beskuldigde nr. 16 se toespraak. Het hy dalk enigiets te sê gehad oor die feit dat huurverhogings nie in isolasie gesien moet word nie, want dit sal nie die probleem oplos as julle so daarna kyk nie en dat huurgelde van die Swartes bevoordeel die Blankes? -- Ek kan nie onthou nie.

Kan u onthou of beskuldigde nr. 16 sou gesê het ouers kan nie meer die dissipline handhaaf ten opsigte van hulle kinders nie, want hulle kan hulle kinders nie meer ordentlik kleed en huisves nie? -- Ja, ek onthou dat dit deur hom gesê was.

Kan u onthou of beskuldigde nr. 16 sou gesê het die huurverhogings sal nie vir elektrisiteit en paaie en pensionarisse en ouer mense wees nie, maar dit sal vir ander doeleindes aangewend word? -- Ek kan nie onthou hoe hy sy toespraak in daardie opsig gemaak het nie, maar ek kan ook nie onthou dat hy dit so gestel het op die manier wat die Staat aan my dit stel nie. Ek kan wel onthou dat hy gesê het die mense wat te doene het met die verhoging van huur moet die pensionarisse ook in oorweging neem. Verskoon my, nie die persone wat besluit oor die verhoging van huur nie, maar die persone wat gekies word. In alles wat hulle doen sal hulle ook die pensionarisse moet oorweeg.

Ek wil net hê u moet my duidelik verstaan. Ek stel nie goed aan u asof nr. 16 dit gesê het nie. Ek vra vir u of nr. 16 daaroor gepraat het. Verstaan u dit so? -- Ja, ek verstaan u so, maar wat ek sê is, ek kan nie onthou

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie. Ek onthou wel dat daar iets gesê was oor die pensionarisse en op die manier wat ek dit gestel het.

Weet u of beskuldigde nr. 16 gepraat het oor die verhoging, die hoë lewenskoste, ongevalleversekering, die verhoging van algemene verkoopsbelasting en die hoë werkloosheidsversekering? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Kan u onthou of beskuldigde nr. 16 sou gepraat het oor outomatiese aftrekorders wat nie aanvaar moet word nie? -- Ek kan nie meer direk onthou nie, maar as ek reg onthou was melding gemaak van dit by hierdie vergadering. Ek kan nie sê of dit deur hom in die vergadering gemeld was en of deur iemand anders nie.

Het beskuldigde nr. 16 gesê dat aangesien die Staat hierdie klomp huise gebou het moet die Staat die koste betaal, die huurverhogings? -- Ja, hy het dit gesê.

Het beskuldigde nr. 16 enigiets gesê in verband met hierdie raadslede wat nou nie magte het nie en wat die gemeenskap moet maak met hierdie raadslede wat nie magte het nie? -- Al wat ek onthou daaromtrent is dat hy sy toespraak met daardie woorde gesluit het, dat hulle nie die magte het nie.

Het beskuldigde nr. 16 vir die gehoor gesê wat kom in die plek van hierdie raadslede wat nie magte het nie, wat wil hulle hê? -- Nee, hy het nie gesê nie.

Het hy nie daar vir die mense gesê "kyk, die mense het nie magte nie, julle moet julle mag gebruik om ontslae te raak van hierdie raadslede" nie? -- Nee, hy het nie.

Het beskuldigde nr. 16 verduidelik of die mense moet beswaar maak teen die verhoogde huur en indien wel, hoe hulle beswaar moet maak? -- Ek sê toe hy gepraat het van die

vereniging/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vereniging wat ek verstaan het was hy het dit gesê aangaande die huur. Die rede hoekom ek so sê voor hy begin het met die toespraak was 'n resolusie al gemeld in hierdie vergadering dat die verhoogde huur, dit wil sê die verhoging op die huurgeld sal nie betaal word nie.

Het beskuldigde nr. 16 enige voorstelle gemaak dat die gemeenskap op die vergadering die raadslede moet gaan ontmoet? -- Ek kan nie onthou dat hy so gesê het nie.

As hy sou gesê het daar moet 'n vergadering wees met die raadslede sou u dit onthou het? -- Ek dink so, ja.

Het beskuldigde nr. 16 nie gesê as die gemeenskap verenig is, hierdie "unity" van hulle, dan moet julle vra vir 'n vergadering met die raadslede nie? -- Nee, hy het nie gesê nie.

Ek wil aan u stel in Volume 25 was gestel aan die getuie Koaho op bladsy 1 220 "Did he go on to say that in the unity they should call for a meeting with the councillors?" Toe het die getuie dit ontken. Dan word daar weer gestel op bladsy 1 221 van die vyfde reël af "I want to ask you why do you exclude the possibility that Mr Tom Manthata, accused no. 16, did not at some stage of his speech call for a meeting with the councillors." -- Ek sê ek kan nie onthou dat hy so gesê het nie.

Ek stel aan u hierdie antwoord wat u nou gegee het is vals. U het so pas gesê u sou onthou het en hy het dit definitief nie gesê dat hulle "in the unity they should call for a meeting with the councillors" nie. -- Ek sê nou nog so.

U het vir die Hof ook op 'n stadium gesê dat beskuldigde nr. 16 het gepraat oor liefdadigheidsorganisasies. Wat het beskuldigde nr. 16 daaroor gesê? -- Ek onthou van dat hy gepraat het dat die gemeenskap moet "faith" hê en toe

verder/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verder gesê dat hulle moenie dinge net so los nie. Na hy dit gesê het, het hy toe melding gemaak van die "charitable organisations." Dat hulle daarvan gebruik moet maak.

Het hy die organisasies genoem? -- Ek onthou dat hy melding gemaak het van twee. Dit kan wees dat hy van meer melding gemaak het, maar ek onthou net van die twee. Hy het melding gemaak van SA Red Cross en melding gemaak van Operation Hunger.

Toe beskuldigde nr. 16 begin praat het, het hy verduidelik hoe het dit gekom dat hy van Soweto op 'n vergadering hier in die Vaal uitkom? -- Ek kan nie onthou nie.

Het beskuldigde nr. 16 enige voorbeelde gegee en verwys na voorvalle in Soweto soortgelyk aan die probleme in die Vaal? -- Ek onthou nie.

Het beskuldigde nr. 16 enige ander plekke genoem in sy toespraak as voorbeelde van hoe om probleme op te los? -- Ja, ek onthou dat hy van beurse gepraat het.

HOF : Bursaries? -- Ja.

MNR. FICK : Het hy nie van ander dorpe of ander woongebiede gepraat in sy toespraak as plekke waar probleme was en as voorbeelde wat gebruik kan word hoe om probleme op te los nie? -- Ek kan nie die naam van die plek onthou waarna hy verwys het toe hy daarvan gepraat het nie, maar ek het onthou dat hy gesê het dit is moontlik dat as die gemeenskap verenig is, dat die huurgelde geskors moet word.

Toe beskuldigde nr. 16 voorgestel word op die vergadering en u hoor hy is van die Committee of Ten en die Soweto Civic Association, het u geweet die Soweto Civic Association is geaffilieer met UDF? -- Nee, ek het nie daarvan geweet nie, want my kennis was dat Soweto Civic Association het lankal

bestaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bestaan voor die stigting van die UDF.

Maar toe u nou voorgestel is aan beskuldigde nr. 16 by die huis en u hoor hy is van die Soweto Civic Association, het u nie vir beskuldigde nr. 3 gevra of vir beskuldigde nr. 16 of daar enige verbintenis is tussen Soweto Civic Association en die UDF nie? -- Nee, dit was nie aan my oorgedra deur beskuldigde nr. 3 daar by sy huis dat beskuldigde nr. 16 van die Soweto Civic Association 'n lid is of 'n lid van die Committee of Ten nie. Ek was alreeds daarvan bewus omdat ek daarvan in die koerante gelees het.

Wil u vir die Hof sê u het nooit in die koerante gelees dat die Soweto Civic Association is geaffilieer met UDF nie? -- Ek onthou nie dat ek van so 'n berig gelees het nie.

In BEWYSSTUK AAQ7 wat deur die verdediging ingehandig is word daar gesê dat daar "several leaders" was van "various political civic associations, including the UDF." Wie was van die UDF op die vergadering? -- Nee, ek het nie geweet nie.

Het u intussen vasgestel of daar 'n leier van die UDF op daardie vergadering was? -- Nee, ek het nie uitgevind nie.

U beswaar teen vergaderings of deelname aan vergaderings waar UDF of sy geaffilieerdes is, sluit dit AZANYO in?

MR BIZOS : Perhaps if we separate the two.

MNR. FICK : Laat ek so vra, het u dieselfde beswaar teen deelname aan vergaderings waar AZANYO lede op praat as waar UDF en sy geaffilieerdes op praat?

MR BIZOS : I do not remember the witness saying that he would have an objection to the presence of a UDF speaker. His evidence is that he has objection to meetings held by the UDF or its affiliates.

HOF : Stel weer die vraag.

MNR. FICK/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. FICK : Dieselfde besware wat u in AZAPO het teen vergaderings, deelname aan vergaderings waarop leiers van UDF of sy geaffilieerdes optree, het u daardie selfde beswaar ten opsigte van lede van AZANYO? -- Nee, dit is nie dieselfde nie, maar as die vraag gemik is op die vergadering van die 19de, daardie vergadering was belê deur die Sharpeville Committee. Dit is die Anti-rent Committee.

HOF : 19 Augustus 1984? -- Ja. Dit is nie ŉ organisasie nie. Dit is ŉ gewone komitee van Sharpeville.

MNR. FICK : Het u sulke navrae gedoen voor die tyd? -- As gevolg van die berig wat ek in die koerant gelees het waar ek kennis gekry het van die vergadering wat gehou word, daar praat hulle van die komitee en hulle praat nie van ŉ organisasie nie.

Toe u by beskuldigde nr. 3 se huis uitkom voor die vergadering, u ken hom mos nou, het u hom gevra "Wat se komitee is hierdie van julle?" -- Nee, ek het hom nie gevra nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 26 MEI 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.